NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
# alkmaar

'n Gemeente wat omgee

**Bulletin**
**Junie-Julie 2026**
**Vakansie**

## NIE GEESTELIK AFGEDREIGDES NIE

Dis hoog tyd dat die kerk opstaan, hoor ek 'n prediker oor die radio sê. Toe dink ek by myself dat darem 'n hardnekkige idee is dat almal in die kerk gedurig moet opstaan. Of moet wakker word. Om een of ander rede glo sommiges almal in die kerk is altyd in 'n winterslaap vasgevang. Geen gelowige is ooit op die regte standaard in sulke dreigendes se nabyheid nie.

So baie kere in my eie lewe het ek al gehoor ek moet opstaan, uitstaan, myself regruk, en wat nog alles, dat ek later soos 'n volskaalse mislukking in God se oë gevoel het. Skaars het ek oor een skuldgevoel gekom, of 'n volgende dreigement het my alweer ingewag. Toe het ek op 'n goeie dag besluit dit moet einde kry. Ek het regtig nie opgeteken om 'n lewende dreigement te wees wat my geloof betref nie. Ek het ook nie gekies om 'n onvervulde geestelike lewe te leef nie. Van toe af het ek 'n vaste besluit geneem om elke dag net te doen wat ek vir die Here moet doen. En om my lewe daagliks te leef tot Sy eer en tot voordeel van ander mense.

Nooit was dit die Here se bedoeling dat Sy voorskrifte slegs deur 'n klein groepie hoogheilige mense uitgeleef kan word nie. Sy Woord is bedoel vir ál Sy kinders. 1 Johannes 5:3 sê padlangs vir ons almal dat as ons God liefhet, is sy gebooie glad nie moeilik om na te kom nie. Volgens Deuteronomium 30:14 moet ons net God se woord in ons gedagtes en in ons hart bêre - dan kan ons dit maklik uitvoer. Dan is ons nooit lewende dreigemente nie, of geestelik afgedreigdes nie.

Stephan Joubert (www.ekerk.org)

---

## SONDAG 28 JUNIE

- Erediens: Alk: 09:00; Ngd: geen aanddiens nie
- Tema: Hd. 6:8–7 - Die ongemaklike boodskap.

## DEUROFFERS IN JUNIE: Omgeefonds

Bydraes by die deure gedurende Juniemaand in die kissies, gemerk "Omgeefonds (Barmhartigheid)" Iemand brei reeds komberse, serpe ens. vir Silwerdae Machado Boven, maar komberse word benodig vir Elandshoek se mense. Daar is ook 'n trollie by die inligtingshoek vir blikkieskos, enige nie-bederfbare produkte, klere ens. vir skenkings enige tyd van die jaar. Navrae: Estie Erasmus.

## DEUROFFERS IN JULIE: HIV/VIGS FONDS

Christen-Vigsburo vir SA. Inligting: www.cabsa.org.za

## SONDAG 5 JULIE

- Erediens: Alk: 09:00; Ngd: geen aanddiens nie
- Tema: Hd. 8-9 - Grense wat afgebreek is.

## SONDAG 12 JULIE

- Erediens: Alk: 09:00; Ngd: geen aanddiens nie

## SONDAG 19 JULIE

- Nagmaal: Alk: 09:00; Ngd: geen aanddiens nie
- Tema: Hd. 10-11 - Die inklusiewe Koninkryk.

## SONDAG 26 JULIE

- Erediens: Alk: 09:00, Kinderkerk
  Leraar: ds Francois vd Merwe (Geopende Deure)
- Erediens: Ngd: 18:00

## Ons Gemeente se Bankbesonderhede:

ABSA - NG Kerk Alkmaar - Tjekrek. 1070580035 Snapscan:
Takkode 334-252; Internet-takkode 632005

***Verwysing vir inbetalings is belangrik asb!***
Gebruik ***u naam*** en *een van die volgende…..*
(afhangende van die offergawe wat u gee):
***DO*** vir maandelikse dankoffers
***10de*** vir tiendemaand bo-en-behalwe offergawe (Okt)
***GOB*** vir geloofsofferbeloftes (sending/evangelisasie)

## Kontak ons gerus:

*Predikant:* Johannes van der Merwe
074 142 3456; ephesians321@me.com
*Kerkkantoor tel nr's:* 013-733 3873 / 082 261 0371
*Kerkkantoor:* Gladys Grobler; ngkerk@alkmaar.co.za
*Koster: Alk:* Estie Erasmus 076 625 3188 skakel of WhatsApp
*Koster: Ngd:* Madelein Venter 083 607 0728
*Gemeente webwerf:* www.alkmaar.co.za

## Ngodwana Eredienste & Kategese:

Tydens skoolkwartale: kategese 17:00, erediens 18:00 by die Gemeenskapskerk te Calhounstraat, naby Clivia Laerskool.

## Kinderkerk (kinders vanaf 3 jr tot Gr 2):

Tydens die oggenddiens in die saal op 26 Julie,16 Augustus, 13 September 2026.

## Vergaderings:

So. 26 Jul. 10:45 Jeug (Alk)

## Ringsitting 26-27 Julie 2026 te Makarios:

Afgevaardigdes: Johannes van der Merwe en Frank Erasmus.

# Bulletin

Junie-Julie 2026 Vakansie

"Die persoon wat niks omgee vir sy medemens nie - al is sy woorde hoe godsdienstig en vroom - leef steeds in die duisternis." 1 Petrus 1:22

## VOORBIDDING

▣ **Kom bid saam:** In die Konsistorie (Alk) Sondae 08:45 en **na die aanddiens** by die Gemeenskapskerk te Calhounstraat, naby Clivia Laerskool.

▣ **Gebedsaksie en –versoeke:** Kontak gerus ds. Johannes (074 142 3456).

▣ **Siekes:** Hannes Richter, Madelein Venter, Hester Liebenberg, Ruan van Wyk, Bertus Saayman, Mariana Mahoney, Janine Stoop, Evette Eastes, Jan Pienaar, Sarie en Freek Esterhuizen, Freek Esterhuizen (jnr), Ester van Wyk.

▣ **Ander siekes:** Zian (hospitaal in Pretoria), Gretha O'Brien, Kobus Greyvenstein, Elti Steensma se kleinseun, Theuns Steyn, Kleintjie Snyman, Beverley Butler, Franci Osborne, Charmaine Henning, Marcelle Slabbert, Liezel Theron (ma en pa), Pieter Theron se ma, swaer Wynand Basson en suster Wilna, Riaan Beyleveldt se skoonsuster, mense met depressie en kanker.

▣ **Ander:** Ons 5 evangeliste: Phetsile, Amon, Simon, Jackson en Terrence. Boere en gesinne weens vloede, droogtes, uitdagings met diere, gewasse ens.

## VERJAARSDAE

1e Tristan Cooper BURN
3e Joe Lawrenson NGD
4e L'marié Rossouw NGD, Elti Steensma NST
6e Botha, Elardus en Pieta van der Westhuizen ALK, Dewaldré Scheltema NST,
8e Danelle Steyn NGD
9e Juan du Toit NGD
11e Antoinette Oosthuizen HB-HOEK
13e Anja Alberts NGD, Jenny Fourie NGD, Markus Visagie ALK
14e Klara-Belle Joubert BRON
15e Olga Pretorius SCHAG
16e Kyra Scriven CAIRN
19e Ziané Laubscher RIETF, McKaiden Scriven CAIRN, Marius Slabbert NGD
20e Louhann Cronjé SCHAG
23e Wayne Janse van Vuuren RIETF
25e Milan Joubert BRON, Dane Ross ALK

## BYBELSTUDIE

Bybelstudie word Donderdagaande 19:00 virtueel gehou. Enige persoon wat graag wil inskakel, stuur asb. vir Johannes 'n whatsapp boodskap.

## FONDSINSAMELINGSPROJEKTE 2026

### Skenk wit olifant-items:

Ons vra alle lidmate om items wat rondstaan by die huis (groot of klein) na die kerk te bring. Die items sal verkoop word by die Rademeyer-veiling as deel van ons fonds-insameling. Navrae: Frank Erasmus.

### NG Alkmaar MacFest 1 Augustus 2026:

Skud solank die vere reg vir ons gemeente se makadamia-fees te Kwanyoni Lodge. Pannekoek, vetkoek met maalvleis, worsbrode en wildswors, plante, teetuin met gebak, tombola, kindervermaak en natuurlik makadamia-produkte asook ander stalletjies en produkte.




Buite-stalletjies @R200 wat nie kos verkoop nie is welkom. Navrae: Frank Erasmus 071 549 6741

U hulp word gevra om asb. deel te wees van hierdie fondsinsamelings-projek met o.a. bydraes vir bestanddele, gebak, plante, avo's, sitrus ens.

## INSTANDHOUDING ~ DANKIE

Baie dankie aan verskeie lidmate wat getrou met verf, pype, materiaal ens. waarvoor daar gevra word by die kerk opdaag. Hierdie hulp verseker dat die nodige instandhouding aan ons geboue en die terrein moontlik is aangesien ons inkomstes nie voldoende daarvoor is nie.

## KERKRAADSLEDE HERKIES

Tydens die kerkraadsvergadering gehou op 1 Junie 2026 is Ben du Plessis herkies as ouderling vir Gemeente-aksies en Estie Erasmus as diaken vir Barmhartigheid (Alkmaar).

## KERKRAADSLEDE VAKANT

Ons benodig lidmate vir Evangelisasie, Toerus (Alk). Navrae: Frank Erasmus, predikant, kerkkantoor.